

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 11 Jul 2018
Page: 6

AVE: 17667.62
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

**Sport**

# By Tuks wóél die kampioene

**Wilhelm de Swardt**

Dat daar baie kampioene by Tuks is, het verlede week baie duidelik geword by die onderskeie Suid-Afrikaanse Universiteitetoernooie (USSA).

Tuks se netbal-, vrouehokkie- en skaakspan het gewen, terwyl die rugby- en tennisspan tweede was.

Die manshokkiespan, muurbal- en karatespan het derde geëindig.

Boonop het Bongani van Bodenstein vir die derde agtereenvolgende jaar die mansenkelspel-, mansdubbelspel- en gemengdedubbelspeltitel in die pluimbaltoernooi ingepalm.

Ongelooflik is beslis die beste manier om die vertoning van die netbal- en vrouehokkiespan te beskryf.

Die netbalspan oorheers die Suid-Afrikaanse toernooie die afgelope jaar. Die USSA-titel is die span se vyfde suksesverhaal. Tuks het verlede jaar die Varsitytoernooi gewen.

Die Jaguars, wat niks anders as Tuks is nie, het die Brutal Fruitreeks nou reeds twee keer agtereenvolgens gewen.

Gauteng, ook maar Tuks, het verlede jaar by die Nasionale Provinsiale Toernooi koning gekraai en verdedig van Maandag af dié titel in Port Elizabeth.

Die gemene deler in al die seges is Tuks se hoofafrigter, Jenny van Dyk. Sy is sonder twyfel tans Suid-Afrika se suksesvolste afrigter.

Haar sukses kan toegeskryf word aan die feit dat sy absoluut niks aan die noodlot oorlaat nie wanneer sy haar spanne vir 'n toernooi voorberei.

Inky Zondi, Tuks-hokkie se hoofafrigter, is ewe innoverend. Daarom moet dit nie 'n verrassing wees dat sy span al drie die laaste studentetoernooie gewen het nie. Verlede jaar het Tuks die Varsity- en USSA-toernooi gewen.

Zondi se sukses kan daaraan toegeskryf word dat hy die ewige student van die spel is.

Net sewe van die spelers van verlede jaar se wenspan draf steeds vir Tuks uit. Dit het beteken dat hy weer moes beplan.

Zondi glo nog altyd daaraan dat die uitdaging vir hom as afrigter is om sy spelpatroon by die individuele sterkpunte van sy spelers aan te pas.

Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat Tuks se skaakspan algeheel seëvier. Die vrouespan was tweede in hul afdeling en die mans vierde.

Mfundo Masiya was algeheel die tweede beste manspeler by die USSA-toernooi terwyl Cora Mak die vyfde beste vrouespeler was. Mak, Suné du Toit en Roland Bezuidenhout is gekies vir die Suid-Afrikaanse span wat aan die Wêreld-Studentetoernooi in Brasilië gaan deelneem.

Tuks se tennisspan het in die USSA-eindstryd teen die Kovsies vasgeval. Kyla Yelverton, Amy Olivier, Reinhard Pelser en Henco Doman is gekies vir die Suid-Afrikaanse Studentespan.

Tuks se karatespan het ses goue, vier silwer- en twee bronsmedaljes op die USSA-toernooi verower.




**Tuks se vrouehokkiespan het die onlangse Suid-Afrikaanse Universiteitetoernooi gewen. Tuks se skaakspan en netbalspan het ook by die toernooi gewen met twee ander spanne wat tweede geëindig het.**

Foto: REG CALDECOTT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.